Mans Wit Sakdoeke 1/- elk
word vir die komende twee weke nie gerantsoeneer nie.
Kom kyk en oortuig uself
Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH

# DIE Matie

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL III, No. 22. VRYDAG, 3 SEPTEMBER 1943. PRYS 1d.

## LENTEFEES IN MATIELAND GEVIER!

### JUNIORDAG IN ERE HERSTEL

#### SKITTERENDE VERTONINGS OP COETZENBURG

**Juniordag is weereens agter die rug; die intog van die lente is andermaal feestelik gevier deur die hele studentegemeenskap. En die leiding in die lentefees is weer geneem deur die Juniors en met groot sukses deur hulle deurgevoer. Hulle het volkome bewys gelewer daarvan dat as die Lentegees sy intrek neem onder die studente, daardie gees uitgelewe móet word nieteenstaande al die moeilikhede wat deur die oorlog en ander stremmende invloede meegebring is. En hulle het bewys dat die gees 'n suiwer, goeie gees is.**

Toe die trompetgeskal Dinsdagnag die slapendes wakkermaak, en die uitstekende Juniorkoor die serenade begin, het almal geweet dat Juniordag eindelik aangebreek het. Teen halftien Woensdagoggend het die studentemassa saamgedrom langs die strate om die sierlike optog te sien verbygaan — die lentekoningin, herfsblare, lentekinders, duiweltjies.

LENTE OORWEN DIE WINTER

Op Coetzenburg is die uiters oorspronklike program, opgestel en waargeneem deur mej. Rena Botha, met groot sukses uitgevoer. Dit het bestaan uit 'n voorstelling van die drie seisoene, herfs, winter en lente; die dans van die herfsblare voordat hul afval en gaan rus, 'n opgewekte dans; dan volg die winter waarin die sluwe duiweltjies hoogty vier; en dan volg die lente. Die statige aankoms van 'n lentekind op 'n pragtige perd verjaag die duiweltjies en nou kom die lente, die lewe, uitgebeeld in die lewendige, juigende ritme van die dans van die Lentekinders. In volle glorie tree die lentekoningin nou na vore en voer 'n jubelende dans uit. Wanneer die kroon op haar hoof geplaas word deur twee van die lentekinders is die heerskappy van die lente verseël.

Die hele program is natuurlik uitgevoer met uitstekende begeleiding van die orkes en pianis. Die hoogtepunt in die uitvoering was die uitmuntende koorsang van die Juniorkoor onder leiding van mnr. John Pauw. Al die deelnemers verdien die hoogste lof vir hulle optrede.

Geen middagprogram is gelewer nie. Die gebruiklike dinee in Dagbreek kon ook nie gehou word nie, maar die Juniors het gesellig langs die pawiljoen vergader om daar die middagete te geniet.

DIE AAND

Aangesien geen middagprogram gelewer is nie, was die Juniors vasberade om 'n goeie program ook gedurende die aand aan te bied. In die stadsaal, pragtig versier vir dié geleentheid, was al die dansende pare dit eens dat dit 'n heerlike dans was. Blykbaar is ook groot planne gekoester vir die nie-dansprogram op Coetzenburg, soos die eerste paar nommers duidelik getoon het, maar ongelukkig het die mikrofoon volgens tradisie die deelnemers op dié kritieke stadium in die steek gelaat, sodat die nommers nie tot hul volle reg kon kom nie. Hierdie program is afgesluit met die dankbetuiging van die Juniorkaptein, mnr. Bertholdt Pauw, en sy laaste woorde „Ons wil die hoop uitspreek dat hierdie nuwe gees wat ons Juniordag gekenmerk het, altyd in die toekoms die kenmerk sal wees van die lentefeeste wat hier sal gehou word."

(Sien ook Inleidingsartikel).

Ondersteun Ons Adverteerders!

## Streekleier se Boodskap

### ARBEID EN DIENS

**As studente loop ons een groot gevaar en dit is om die lewe te abstrak te beskou. Dit vloei voort uit die aard van ons studie waar ons meesal met teorie en hipoteses te doen kry. Gedagtes is een ding maar die praktiese toepassing daarvan is iets totaal verskillend en maar alte dikwels minder aangenaam.**

**Ook in ons A.N.S.-lewe moet ons daarteen waak dat ons nie te veel dinge as abstraksies beskou en benader nie. Die leuse van die A.N.S. is Nasieliefde en Nasiediens en dit is elke lid se taak om daardie leuse uit te LEWE. Dit is baie mooi en lekker om oor daardie gedagtes te praat maar hoeveel van ons is werklik besiel met 'n hartstogtelike liefde vir Suid-Afrika — ons eie land? En hoeveel mense is bereid om te dien in die sin van te arbei en op te offer?**

**Een van die sake wat op die jongste kongres ten sterkste beklemtoon is, is arbeid. Dit is die saak wat in onmiddelike toekoms die meeste aandag aan moet geskenk word — maar dan in 'n praktiese sin. Arbeid beteken werk en werk beteken opoffering, en dis nie altyd so maklik nie, veral waar die opoffering nie vir onsself is nie maar vir 'n groter groep. Dit egter is juis waar ons taak — en ons voorreg — geleë is, om as inte-**

(Vervolg op bls. 3, kol. 1)

## DIE VROUE VAN ONS UNIVERSITEIT

### OPOFFERENDE DIENS VAN VROUE-KOMITEE

#### YWER IN BELANG VAN STUDENTE-UNIE

**Met die verdwyning van die Viktoria-Kollege en die stigting van die Universiteit van Stellenbosch met sy uitgebreide behoeftes, het 'n paar dames op Stellenbosch op die skitterende gedagte gekom, dat hulle, d.w.s. die vroue van die doserende en administratiewe personeel sowel as die dames wat op die personeel was, 'n gesamentlike poging behoort aan te wend om gelde in te samel om sodoende die fondse van die pasgestigte Universiteit te sterk. Die gedagte het onmiddellik ingang gevind by die dames en so is die Vrouekomitee gestig met wyle mevr. Cillié (die vrou van die eerste Rektor) as Presidente. Mevr. dr. Gie en mevr. Edgar was die gesamentlike sekretaresse, terwyl wyle dr. Lydia van Niekerk en mej. Marjorie le Roux (nou mevr. ds. Oberholster) die penningmeesteresse was.**

KERMIS

Hierdie komitee het dadelik besluit om 'n groot kermis te organiseer, waartoe die hele land sou bydra. Die poging het skitterend geslaag, danksy die pragtige ondersteuning wat nie slegs van verafgeleë distrikte ingekom het nie, maar selfs van Europa. Die kermis het drie dae geduur en het naby die £4,000 ingebring. Later is 'n tweede, hoewel baie kleinere, kermis gehou. Van die begin van sy bestaan af het die komitee jaarliks 'n tennistoernooi georganiseer, waar spelers van Stellenbosch sowel as van al die omliggende distrikte aan deelgeneem het en wat elke jaar 'n groot sukses was.

**Op die wyse het die fondse gestyg totdat die komitee in 1932 die som van £10,000 aan die Raad kon oorhandig, waardeur die oprigting van die gebou vir Huishoudkunde moontlik gemaak is.**

DOEL VAN DIE VERENIGING

Nadat hierdie groot doelwit bereik was, het die komitee 'n groot verandering ondergaan. Al die dames het lede geword van die Vroue-vereniging van die Universiteit, en die uitvoerende komitee van die vereniging het toe die plek ingeneem van die oorspronklike Vrouekomitee. Die Vereniging het as nuwe doel gekies die insameling van fondse, waarvan die rente aan behoeftige studente gegee sal word in die vorm van lenings. Hierdeur is verskeie studente in die geleentheid gestel om hulle studies aan die Universiteit te voltooi. Later het die Vereniging ook nog besluit om 'n deel van hulle fondse te gebruik om te help om 'n saal te bou wat deur studente gebruik sal kan word.

Nadat mevr. Cillie as Presidente afgetree het, het die volgende dames agtereenvolgens as Presidentes geageer: Mevr. Gie (terwyl dr. Gie

(Vervolg op bls. 3, kol. 1)

*KOMAAN MATIES !*

KONSERT ONDER BESKERMING VAN VROUEKOMITEE

- **Donderdag, 16 Sept. en Saterdag, 18 Sept. word DRIE BLYSPELE opgevoer in die Konservatorium onder beskerming van die Vroue Komitee deur MARGUERITE DE VILLIERS met lede van die Voordrag-departement van U.S.**
- **Die konsert word gehou in u eie belang deur u eie mense — vir studente, deur studente!**
- **Ondersteun hierdie onderneming alle MATIES!**

KOMAAN!

KONSERT
Onder Beskerming van A.N.S.
ten behoewe van
Langenhoven Gedenksaal-Fonds
KAAPSE STADSORKES
onder die stok van
Dr. William J. Pickerell
Solis:-
K. Halvorsen
STADSAAL
Vrydag, 17 Sept. 1943

MATIES!
DE CLERK
DIE DROOGSKOONMAKER
Verseker U van Vertroubare Dienste
BIRDSTRAAT.

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

ALLEEN Pakke Klere met die Hand gemaak kan u die ONDERSKEIDING gee waarna u verlang.

Dit is KLERE gemaak deur

**Jac. J. du Toit en Kie.**

Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Ons spesialieer in MANELPAKKE en TOGAS vir Predikante.

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**
Foon 0013.

*THE MAJOR AND THE MINOR*
GINGER ROGERS
RAY MILLAND
*Vrydag en Saterdag,*
*3 en 4 Sept.*
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**FLORA**
BLOEMIS
Plukblomme, Ruikers, Kranse, Skouerruikers en Geskenkmandjies.
VAN RYNEVELDSTRAAT, STELLENBOSCH

**DIE MATIE**

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
HOOF-REDAKTEUR,
Dagbreek.

Deel III. 3 Sept. 1943. No. 22.

## JUNIORDAG 1943

As die eerste groen blaartjies aan die eike-toppe verskyn, gaan daar altyd snaakse gerugte in Matieland rond; behalwe die lente- en liefdesgerugte is daar 'n soort van geheimsinnigheid om die naderende Juniordag gehul. Dis asof die Maties met 'n soort geesdrif beetgepak word— en dit is alles op die groot lentefeesdag toegespits. So was dit ook vanjaar—verlede week het daar reeds rommelings in die nag, as voorteken van hierdie geesdrif gekom toe die dames-fietse dit moes ontgeld— maar die geesdrif het nog altyd hoër gestyg en almal het met spanning gewag op die groot verrassing.

In die verlede, die verre verlede, is hierdie dag vir 'n mooi idee afgesonder, nl. die verhoging van status vir die Juniors en later ook om die koms van die lente te vier. Hierdie ideaal was goed, dog soos enige menslike ideaal het dit vervaag en i.p.v. een van die „groot" dae in Matieland te wees het dit vir baie mense 'n dag van skrik en skandaal geword — 'n dag om te vrees, want Juniordag was besig om te ontaard. Stories en gerugte van ernstige klag het die land ingegaan, vlugskrifte soos *Pro Veritate* het verskyn en hulle sterk uitgelaat oor wangedrag van studente en so meer. Daar moes verandering kom of Juniordag moes as feesdag laat vaar word, so is teneinde raad deur die owerhede besluit. In hierdie lig gesien is dit dood-natuurlik dat almal se oë op die toets van 1943 gerig sou wees.

En op 1 September het die dag gekom, en is verby. Die Juniors van 1943 het daarin geslaag om nie alleen baie oulike idees en oorspronklikheid aan die dag te lê nie, maar het ook 'n nuwe gees — 'n suiwer, ordelike geesdrif geskep. Hulle het die fees met uitbundige blydskap deurgevoer dog die vreugde was gekenmerk deur 'n waardigheid wat die universiteitstudent betaam. In die woorde van die Juniorkaptein: „Laat ons vanjaar Juniordag vier met soveel geesdrif soos nog nooit tevore nie en laat ons die koms van die Lente vier op so 'n mooi manier dat dit nie alleen die Juniors nie maar die hele Matieland tot eer sal strek!" was hul ideaal! Hulle het dit verwesenlik en die klad van die verlede uitgevee.

Juniordag is in sy ere herstel, mag hierdie prysenswaardige peil in die toekoms met krag voortgesit word. Van harte geluk!

## DIE VROUE-KOMITEE

Na aanleiding van 'n berig wat elders in hierdie uitgawe verskyn kom ons almal onder die indruk van die opofferende dienste wat hierdie liggaam, meesal in stilte, aan die Studente-unie bewys. Die werk wat hul verrig is ondankbaar en daar is geen loon behalwe net liefdesdiens en volksdiens nie.

Liefdesdiens en volksdiens — 'n leuse wat baie nou verwant is aan die van die A.N.S. Nasieliefde, Nasiediens — vertolk die strewe van hierdie vroue van ons Universiteit. By hulle is daar gedurig ywer en organisering vir een of ander konsert en kabaret in belang van die studente-gemeenskap, en tog is hulle altyd op die agtergrond! Die konsert vind plaas — almal het dit geniet, maar dink u ooit wie verantwoordelik was vir die arbeid?

Dit is dié soort diens, ja nederige diens wat ons, nie alleen as A.N.Sers nie, maar as Afrikanerstudente, ons ten doel moet stel! Offer sonder om te verwag, want as ons niks gee nie, hoe kan ons verwag? As ons onsself nie nou opoffer vir ons volk en land nie hoe kan ons 'n toekoms verwag?

Ons bring hulde aan die vroue van die verlede wat hul offers gebring het, ons bring hulde aan die vroue wat vandag onvermoeid ywer in belang van volk en vaderland!

# Die Oorlog

## 1 SEPTEMBER 1939 — 1 SEPTEMBER 1943.

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### Deur Prof. J. A. Wiid

Op 1 September 1939 het die oorlog tussen Duitsland en Pole uitgebreek. Die onmiddellike oorsaak was die Poolse Korridor en die Vrystad Danzig, albei produkte van die Verdrag van Versailles wat 'n langdurige en gelukkige wêreldvrede na die bloedige en verwoestende Wêreldoorlog I sou bewerkstellig het. Op 3 September 1939 het Brittanje en Frankryk op grond van waarborge aan Pole, soos dit heet, aan Duitsland die oorlog verklaar. Sedert hierdie tyd het die oorlog tot 'n wêreldoorlog uitgebrei. 'n Groot aantal state in alle wêrelddele het oorlogvoerend geword terwyl 'n hele aantal, as hulle vlugtelingsregerings buite rekening gelaat word, egter reeds opgehou het om oorlogvoerend te wees.

**Windeiers.**

Gedurende die afgelope vier jaar het daar baie geweldige gebeurtenisse plaasgevind waarop kommentaar gelewer kan word. Afgesien van die werklike groot gebeurtenisse soos militêre, politieke, sosiale en ekonomiese omwentelinge van wêreldbetekenis wat gedurende die huidige oorlog reeds plaasgevind het en nog plaasvind, is daar die massas onreële wensdenkerige propaganda waarmee die wêreld daagliks oorweldig word. 'n Liggelowige mensdom word voorwaar ryklik op windeiers getrakteer. Daar is b.v. die baie beslissende eie oorwinnings en die baie beslissende nederlae van die vyand waarvolgens, as slegs 'n deeltjie van hulle maar net 'n deeltjie van die volle waarheid bevat het, die oorlog reeds lank tot die verlede sou behoort het. Daar is die baie stories oor die eie rykdom aan grondstowwe, voedselvoorrade, mensemateriaal en wapentuig terwyl dit alles by die vyand sou ontbreek. Daar is die baie stories oor broederlike eensgesindheid onder die eie bondgenote en die selfvernietigende onenigheid in die kamp van die vyand. Daar is die baie stories oor die eie nywerheidsvrede en die nywerheidsonluste by die vyand. Daar is die baie stories oor die baie na-oorlogse planne wat ons ou wêreld in 'n hemel op aarde sal omskep. Daar kan boekdele geskryf word oor die wensdenkerige voorspellings en die wilde spekulasies wat gedurende die afgelope vier jaar die lig gesien het. Die jongste radio-toespraak van Churchill in Quebec openbaar 'n werklikheidsin en bevat ook 'n teregwysing vir wensdenkers en dobbelaars waar hy die volgende verklaar het: „Wat myself betref, beskou ek alle gissings oor wanneer die oorlog sal eindig op hierdie stadium as tevergeefs en onvoordelig."

**Werklikhede.**

'n Wêreldoorlog is nou eenmaal 'n nare werklikheid. Aan hierdie werklikheid kan ook wensdenkers en dobbelaars niks verander nie. Dit is 'n feit dat die Duitsers gedurende die eerste drie jaar van die huidige oorlog ontsaglike oorwinnings behaal het. In die weste en in die ooste, in die noorde en in die suide het hulle daarin geslaag om nie alleen baie vyande uit te skakel nie, maar oók om die oorlogsfronte vér van hulle grense terug te skuif. Dit is tog 'n feit dat Britse troepe nie meer voor die Siegfriedlyn staan nie en dat die Engelse hawestad Dover vandag die Britse voorpos is wat die naaste aan die Duitse grens lê. Dit is ook feite dat die Angel-Saksers nie vandag op die Vasteland van Europa sit nie en dat die Russiese front nog altyd diep in Rusland lê.

Wat gedurende die eerste drie jaar van die oorlog in Europa gebeur het, het ook gedurende die eerste ses maande van die oorlog teen Japan in die Verre Ooste gebeur. Ook hier het die Japanners daarin geslaag om geweldige verowerings te maak en om die oorlogsfronte vér van die eie landsgrense te verwyder.

Dan moet daar ook nie uit die oog verloor word nie dat Duitsers sowel as Japanners grondgebiede, ryk aan grondstowwe en voedselvoorrade, verower het terwyl hulle vyande hierdie grondgebiede verloor het. As daar vandag van voedselskaarste in Rusland en in Indië sprake is, dan moet onthou word dat die Duitsers die rykste koringlande in Europa en die Japanners die rykste rysvelde in die Verre Ooste verower het.

Hoewel die pad na Berlyn en Tokio nog baie lank en moeilik is, is dit nietemin 'n feit dat die Geallieerdes in die vierde jaar van die oorlog min nederlae en baie oorwinnings behaal het. Spiltroepe is uit Afrika verdryf, Sicilië is verower, Mussolini is nie meer daar nie, die posisie van die Angel-Saksers in die Middellandse See is ontsaglik versterk, Duitse duikbote het taamlik onbedrywig geword en die intensiewe lugbombardement van Duitse en Italiaanse stede het die vyand seker heelwat hoofbrekens veroorsaak. Nog indrukwekkender is die suksesse van die Russiese bondgenoot wat die hooflas van die oorlog dra en wat nie alleen daarin geslaag het om staande te bly nie, maar ook om die vyand gevoelige nederlae toe te dien. Terwyl spekulante besig is om te raai wie nou die eerste in Berlyn sal wees, die Angel-Saksers of die Russe, is dit goed om te onthou dat die Duitsers in hulle twee somer-offensiewe in Rusland veel meer bereik het as die Russe tot dusver in hulle twee winter- en een somer-offensief.

Daar kan natuurlik in Duitsland of watter land ookal 'n militêre of binnelandse ineenstorting plaasvind sonder dat 'n vyand sy voet op Duitse bodem sit. Wensdenkers herinner graag aan die Duitse ineenstorting van 1918. As 'n mens die huidige posisie met dié van 1918 vergelyk dan moet jy sorg dat die vergelyking volledig is. Die gevolgtrekking behoort dan te wees dat dit vir 'n Britse propagandis net so gevaarlik is om te spekuleer op 'n Duitse ineenstorting soos dié van 1918 as dit vir 'n Duitse propagandis in 1942 was om te spekuleer op 'n Russiese ineenstorting soos dié van 1917

Wêreldoorlog II is vandag vier jaar oud. Sal die mensdom 'n vyfde verjaarsdag gespaar word?

## GEVLEUELDE WOORDE

Geen volk het nog in die wêreld groot geword sonder 'n gesonde haat nie. As ons in Suid-Afrika 'n volk moet word, moet ons ophou om daardie gesonde gevoel te onderdruk. Ek praat nie van haat teen persone nie. Ek bedoel haat teen al wat onnasionaal, anti-nasionaal, volkskadelik en volksverraderlik is.

*Pirow.*

**Rook Springbok-Sigarette**

# Ons Bring Hulde !

## Sarel du Toit

Dit is met spyt dat ons as Matie-Redaksie afskeid neem van ou Sarel wat na sy nuwe werkkring in die Dept. van Bosbou te Pretoria vertrek het.

Hy was tot noutoe een van ons ywerigste werkers en wel as ons besigheids- en advertensiebestuurder. Die waardevolle dienste wat hy aan „Die Matie" bewys het, kan nie oorskat word nie. Ons wens hom nie alleen alle sukses toe nie, maar ons bring hulde! — dit was diens uit liefde vir ons strewe: „Nasieliefde, Nasiediens!"

Terselfdertyd wil ons vir Danie Engela wat alreeds lank op die redaksie werk, welkom heet as ons nuwe besigheidsbestuurder.

Welkom ook aan Jan Smith van Victoriahuis as lid op die Matie-redaksie!

## BOODSKAP VAN STREEKLEIER

(Vervolg van bls. 1, kol. 1)

grerende deel van 'n organiese groep ons bydraes te lewer. Die belange van die groep gaan voor die belange van die indiwidu.

Geensins wil aangevoer word dat daar blindweg afgestorm moet word op die eerste die beste werk nie. Dit sou fataal wees. Elkeen moet vir homself uitmaak in watter rigting hy die beste diens kan lewer en in daardie rigting streef. Die groot ding is net dat almal iets moet doen, al doen ek dit nou ook swakker as my buurman. Dit getuig van my bereidwilligheid en berei my voor vir groter en belangriker werk in die toekoms.

'n Paar oomblikke se denke sal dadelik aantoon hoeveel kans vir konstruktiewe arbeid daar op Stellenbosch is. Vir elke A.N.S.-lid, vir elke Afrikaner is daar werk en geleentheid vir diens. Dink maar aan al die dinge in ons land wat nog verkeerd is en wat ons moet — en gaan — regmaak en dadelik sal u besef dat daar meer werk as werkers is.

Ons volk is in beweging en nader elke dag sy eindbestemming, en hoe nader ons aan die bestemming kom hoe harder word die stryd en hoe meer word die werk. Laat ons nader aan mekaar staan in die stryd teen die dinge wat van buite op ons ingedring word en waar ons niks mee wil te doen hê nie. En laat ons positief arbei vir die dinge wat ons wil hê en wat ons gedetermineerd is om te kry — te kry vir ons eie volk want ons leuse is Nasieliefde en Nasiediens.

A. S. ROUX,
Streekleier.

## DIE U.S. VROUE

(Vervolg van bls. 1, kol 4).

voorsitter van die Senaat was), mevr. Blommaert (terwyl dr. Blommaert voorsitter van die Senaat was), mevr. D. F. du Toit (toe dr. Wilcocks voorsitter geword het) en twee jaar gelede die teenswoordige Presidente mevr. G. C. Nel.

Die Vroue-Vereniging het tussenin ook nog kleinere funksies gereël, soos b.v. die verskaf van tee en verversings aan besoekende voetbalspanne van ander Universiteite.

### DIE KABARET INGESTEL

Toe as gevolg van die oorlog dit onmoontlik geword het om rakette en balle vir die toernooi te verkry, is twee jaar gelede opgehou met die hou van sulke toernooie. Om egter tog fondse in te samel en tegelykertyd 'n aangename ontspanning aan die studente te verskaf, is die „Kabaret" ingestel. Hierdie instelling het reeds soveel byval gevind, dat dit stellig as 'n vaste instelling beskou kan word.

Die Vroue-Vereniging werk dus van die begin af net in belang van die Universiteit in die algemeen en van die studente-gemeenskap in die besonder, en as sulks moet hulle onbaatsugtige dienste deur almal bewonder word en verdien hulle dan ook die hartlikste ondersteuning van almal wat die Universiteit en sy belange op die hart dra. Die A.N.S.-tak van Stellenbosch sal van sy kant alles doen om die goeie samewerking van die Vroue Vereniging te verseker waar die twee organisasies in belang van die Universiteit optree en die Vrouekomitee kan in die toekoms op die steun van die A.N.S. reken.

# Wetenskap en Wysheid

*G.F.S.*

## Dr. Le Roux se Lesing

„Die Son verloor elke dag 360,000 miljoen ton deur die uitsraling van energie. Nieteenstaande sal dit na 150,000 miljoen jaar alleen 1% van sy gewig verloor het" het dr. le Roux verklaar in sy lesing „Die wisselende plek van die Mens in die Uitsettende Heelal" voor 'n rekord gehoor tydens 'n onlangse W.V.U.S.-vergadering.

Nadat spreker 'n historiese oorsig van die ontwikkeling van sterrekunde gegee het, het hy die verhouding van die mens tot die aarde behandel. Om die aarde, op 'n afstand van 240,000 myl, beweeg die maan (met 'n deursnit van byna 2,000 myl). Hierdie beweging van die maan skommel die aarde in sy baan om die son. $99\frac{6}{7}\%$ van die gewig van die sonnestelsel is in die son wat 864,000 myl in deursnit is, gekonsentreer, terwyl alleen $\frac{1}{446}$ van die orige $\frac{1}{7}\%$ te wyte aan die aarde se gewig is. Nadat dr. le Roux die planete behandel het, het hy daarop gewys dat die sonnestelsel teen 12 myl per sekonde na die ster, Vega (27 ligjare ver), beweeg.

Ons sterrestelsel, die melkweg, is sowat 100,000 ligjare in deursnit. (Die son is sowat 32,000 ligjare van die middel daarvan). Hierdie stelsel draai een maal om elke 300 miljoen jaar (teen 'n snelheid van 174 myl per sek. in die posisie van die son). Dr. le Roux het verklaar dat meeste van die sterre enkelsterre is en dat hul deur die volgende stadiums gaan: rooi superreuse (soos Artares, met 'n digtheid van een miljoenste die van water), die warmder hooftige (soos die son) en eindelik die wit of rooi dwerge (waarvan die materiaal soms so swaar is dat 'n tabaksakvol daarvan 'n 100 ton sal weeg!). Die gemiddelde afstand tussen sterre is 30 ligjare. Sowat 'n derde van die sterre is dubbel-sterre (soos Alpha Centuari, die naaste ster aan die aarde, wat 4.2 ligjare ver is) of meervoudige sterre. Jeans sê dat die aantal sterre in die melkweg soveel is as die aantal letters in 'n halfmiljoen

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

*WEET U ?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in **UNIE-LENINGSERTIFIKATE** te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

# Onder Onsies

Verlede Vrydag het mej. Ria Appel van Monica haar mondigwording gevier by wyse van 'n partytjie. O.a. is opgemerk mejj. Marianna Hayward, Hendrina v. d. Merwe, Joan en Secunda Joubert, Doreen Hurter en Alta Lazarus.

* * *

Ds. en mev. Hannes Koornhof van Caledon het Stellenbosch besoek. Na verneem word was hul hier by geleentheid van 'n verjaardagviering van ds. Koornhof se moeder.

* * *

Hier was talle besoekers in Matieland met Juniordag, o.a. prokureur en mev. Malan van Upington, ouers van mej. Anneke Malan van Harmonie.

# Maties se Sege!

## Interdebat teen O.K.P.

Verlede Vrydagaand na 'n tydperk van 17 maande se onderhandelings het die Debatsvereniging van U.S. daarin geslaag om O.K.P. in 'n interdebat te ontmoet in die Paarl.

Die onderwerp, „Daar is geen toekoms vir die Blanke in Suid-Afrika nie" is vir U.S. ingelei deur mnr. David v. d. Merwe. Hy is ondersteun deur mej. Noelle Grobbelaar. Mnr. van der Merwe het somer dadelik op die argumente ten gunste van die onderwerp afgestuur en aangetoon hoe ons toekoms as 'n suiwer blanke ras deur getalsoorwig, territoriale uitbreiding en ekonomiese stabiliteit en vooruitgang, van die donker rasse in S.A. bedreig word. Verder is op die onmoontlikheid van totale segregasie, die enigste middel teen verbastering gewys. Mej. Grobbelaar het aangetoon hoedat die naturel stadigaan die boereseuns stadtoe dryf en hoedat die blanke bevolking 'n nasie van pennelekkers word terwyl die naturel die landbouer en produsent vir die blanke ras gemaak word. Hierdie ewolusie loop naderhand uit op 'n rewolusie— en die vraag is aan O.K.P. gelaat: „Sal ons dit kan keer? Kan u natuurlike groei verhinder?" Hierdie vrae, sowel as baie andere is nooit beantwoord nie! Rake tussenwerpsels het O.K.P. se sprekers blykbaar skoon van stryk af gebring en baie argumente wat hulle begin het, is nét

(Vervolg op bls. 4, kol. 4)

*Musiek Studio*
M. CAWS

- *Kandidate word opgestuur vir Kaapse Universiteits Eksamens*
- *Billike Terme.*

*LANGS DARTERS*

HALDENWANG

HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.

(Foon 135)

INSPAN!
*Waar gaan dit?*

Ons gaan Koffie en Pannekoek geniet in

DIE UITSPAN

Belangrike Boeke

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. 6/6 p.v.
**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. 6/6 p.v.
**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam 6/6 p.v.
**Skandinawiese Vertellinge** .. 4/6 p.v.
**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar 6/6 p.v.
**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. 1/6 p.v.
**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. 5/6 p.v.

**Stuur u bestelling aan**
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Die Laan — Stellenbosch

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE KWV DRUIWESAP

*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

AVBOB
116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Rook Springbok-Sigarette

### WETENSKAP EN WYSHEID

(Vervolg van bls. 3, kol. 2)

gemiddelde boeke. Vervolgens het spreker ope en globulare sterswerms, ster-wolke (soos omega-centuari), vormlose newels (soos in die konstellasie van Orion), ondeursigbare newels (soos die „Koolsak" in die Suiderkruis), interster gasse en plantêre newels, wat almal in ons sterrestelsel voorkom, behandel.

Dr. Hubble wat die verste uithoeke van die heelal ondersoek het (verste bekende newel is 500 miljoen ligjare ver), het tot die gevolgtrekking gekom dat daar vandag 100 miljoen ander sterrestelsels of newels (soms spiraal-newels) wat elkeen net so veel sterre as die melkweg bevat, is. Hulle is gemiddeld 2 miljoen ligjare van mekaar. (Hubble het ook die middellyn van die heelal as 1,400 miljoen ligjare bereken!). Hierdie sterrestelsels (of newels) beweeg teen 'n geweldige snelheid (sommige teen 14,300 myl per sekonde) van ons sterrestelsel weg.

Nadat dr. le Roux Einstein, De Sitter, Lemaître, ens. se teorië i.v.m. die uitsettende heelal behandel het (vir diegene wat dit nie bygewoon het nie lees „The Expanding Universe" van Eddington, wat die aantal elektrone (of protone) in die heelal op $10^{79}$ stel) het hy die uiters leersame en aanskoulike lesing met dié woorde van Kant geëindig: „Veral twee dinge vul my gees met altyd nuwe en toenemende bewondering en ontsag, hoe meer dikwels en dieper ek daaroor peins: die sterrehemel bo my en die sedewette in my."

## Fietse, Waterbomme en Peper

### DAGBREEK SE OFFENSIEF

(In afwagting van verdere verwikkelinge is hierdie verslag nie verlede week gepubliseer nie).

Gedurende die nag van Maandag op Dinsdag, 24 Aug., het 'n damesfietspatrollie by Dagbreek sy opwagting gemaak. Dit was senior-dames op junior-fietse! Die fietse is in die vierkant gedra en die dames het vertrek. Daarop het die Dagbrekers op hulle beurt 'n offensief van stapel gestuur en al die Dameskoshuise se fietse, op sommige plekke met sterk weerstand van tuinslange en handoeke en dies meer, gaan haal.

Die stilte van die nag het gedaal en 'n knap dames-kommando-strooptog is teen die Dagbreek-vesting geloods en voordat die mans uit hul slaap gewek was, was die meeste fietse veilig verwyder. By omstreeks 5-uur is die poging ontdek en het waterbomme om die Amasones ontplof. Sommige kommando-stropers wat in 'n knyptang beweging vasgekeer was het hulle braaf verweer met peper wat hulle self uit Dagbreek se eetsaal gebuit het! Die strooptog het ten volle geslaag en selfs sommige mansfietse is gebuit.

Daar was egter groot konsternasie met die uitkenning van fietse by Huis-ten-Bosch. Sommige mans het naarstiglik help soek na „bekende" fietse om na hul eienaresse terug te neem.

By 8-uur v.m. was alles normaal en slegs enkele ongevalle is te betreur.

## Voetbal

### STELLENBOSCH I-A TEEN PAARL

Nadat die eerste vyftiental van die Maties vir die afgelope twee Saterdae nie daarin kon slaag om nederlae af te weer nie, wil dit op die keper beskou nie lyk of hulle môre, wanneer hulle teen die Paarliete speel, 'n oorwinning sal aanteken nie. Om die waarheid te sê, het die Stellenbossers nog iets op hulle rekening wat hulle met Paarl wil vereffen, want in die eerste helfte van die seisoen is die Maties onverwags deur hulle geklop met 8—0 nadat hulle so goed afgesit het.

Waar die Rooispan se grootste swakheid op die oomblik lê is by hulle agterlyn. Die agterhoede wat deesdae vir die eerste span diens doen, is nie 'n skaduwee van die een wat in die begin van die seisoen soveel vir die Maties beteken het nie. Met Peet van der Walt nog altyd op die krukkelys, wil sake nie bra vlot in die skakel-afdeling van die spel nie, en word die senters wat van tyd tot tyd gekies word nie die nodige geleentheid gegee om te wys waartoe hulle instaat is nie. Hannes de Villiers en Koos Brink sal albei nie weer hierdie seisoen beskikbaar wees nie, en blykbaar Dollie du Plessis (vleuel) ook nie, sodat feitlik net Piet White en Michau oorbly.

Wat die voorhoede betref stoot die Maties nog week na week 'n puik agtal in die veld, wat alles doen wat van hulle verwag word, maar nie die agterlyn het om hulle grootse pogings af te rond nie. Môre sal Chris Louw, Koch en sy maats dit ook weer tot hul bitterheid moet ondervind dat hulle in hierdie afdeling van die spel agt man teen hulle het wat op elke gebied opgewasse vir hulle taak is — spelers wat hard stoot lank nadat die bal alreeds uit die skrum is, om die skrumskakel 'n kans te gee om die bal skoon weg te kry, en manne wat soos 'n trop honde in die los rond jag op soek na die geleentheid om munt uit die foute van hulle teenstanders te slaan.

Omdat die Paarliete weet dat hul kan staatmaak op hulle agterlyn, en ook besef dat hul waarskynlik in die voorspel tweede viool sal moet speel, sal hulle vir Neels Krige en sy makkers seker so dikwels as wat hulle die bal bemeester daarmee voer. En dat die agterspelers van die Paarl bestendig en doelbewus in hulle aanval is, het hulle verlede Saterdag teen Kuilsrivier-Maitland weer bewys, toe hulle 'n hoë telling opgestapel het. Johan Michau sal ook veiliger moet wees en vinniger die lengte van die veld dek voor sulke vinnige agterspelers soos Krige veral en Jordaan.

In elk geval dit sal 'n taai wedstryd van begin tot einde wees, waarin kwaai aangeval en kliphard verdedig sal word, met die Maties, as hulle hul agterspelers kan opknap, miskien die wenners.

### I-B TEEN GROOTE SCHUUR

Nadat ons 1-B hulle verlede Saterdag so kranig teen die Tuiniere gedra het en slegs in die laaste kwartier toegelaat het dat daar punte teen hulle aangeteken word, het ons alle rede om te verwag dat hulle môre hulle goeie vertoning sal herhaal teen die Apies. Groote Schuur is nou wel pragtig op stryk op die oomblik, en niks kan hulle skynbaar keer van die Kampioenskap nie, maar hulle sal môre dit te doen kry met 'n vyftiental spelers wat nou al 'n pragtige spaneenheid opgebou het, en wat kwaai verdedig soos Tuine sal kan getuig. Hulle sal in elk geval alles moet uithaal om vir J. D. de Villiers en sy manskappe te klop en die botsing op Bellville behoort rugby van die eerste water op te lewer.

## Musiekvereniging

*Sondagaand 8.15*

Die musiekprogram sal bestaan uit gewilde werke van Wagner. Daar sal dele gespeel word uit „Tristan en Isilde," „Der Ring des Nibelungen" en so meer. U is almal hartlik welkom en word verseker van 'n genoeglike aand.

### DEBATSVERENIGING

(Vervolg van bls. 3, kol. 3)

daar gelos. Mnr. Visser wat vir O.K.P. repliek gelewer het, het die posisie enigsins verbeter, dog mnr. Gerjo van der Merwe het al hulle argumente op 'n skitterende wyse die bodem uitgeslaan in sy repliek. Die stemming was 80 teen 15 ten gunste van U.S.

Aan die einde is twee kort toneelstukke opgevoer waarna mnr. Gerjo v. d. Merwe aan O.K.P. die dank van die Debatsvereniging van U.S. oorgebring het, en die hoop uitgespreek het dat die band tussen dié twee Afrikaner-opvoedingsentra versterk sal word.

**SLUIT AAN BY A.N.S.**





AFRIKANERSAKE gaan van krag tot krag. Die jongste volksprestasie is dié van Excelsior Meubels, wat vinnig die mark verower met meubels vervaardig deur Afrikaners, bemark deur en vir die gebruik van Afrikaners.

DRA u deel by in hierdie grootste strewe na selfstandigheid in die meubelwêreld. Koop u meubels by Excelsior en deel in die winste deur self 'n aandeelhouer te word. Excelsior Meubels besit reeds twee Fabrieke en vier takwinkels onder dié naam in Johannesburg, Pretoria, Germiston en Bloemfontein asook Goodwood Meubileerders (Edms.) Bpk. van Pretoria en L. D. Phillips (Edms.) Bpk. van Kaapstad wat onder hul name voortbestaan.

'n Kunsbrosjure sal gratis aan u gestuur word indien u meer wil weet van ons prestasies, doel en dienste.

Die Sekretaris,

Posbus 6670 JOHANNESBURG Spoorbondkasgebou

Stuur u brosjure aan: M..........................................

..........................................

..........................................

# U Laaste Kans

**U het net nog 2 dae om boeke teen Verminderde- en Weggee-pryse te koop - - - - - -**

***Kom kyk deur. Daar is nog baie.***

# C.S.V.-Boekhandel

**PLEINSTRAAT, - - STELLENBOSCH**

***Hier is ons weer met 'n Ekstra Welkom Verrassing :***

**MANS WOLSOKKIES**—Viyella, Meridian, Barwin, Wolsey, Safnit. In effe kleure ander mooi patrone.

**MANS WARM SLAAPPAKKE.**—In mooi gestreepte Kleure.

***ONTHOU ONS HET SLEGS 'N BEPERKTE VOORRAAD.***

***Word verkoop Saterdag Oggend vanaf 8.30 v.m.***

## GEBROEDERS DE WET (Eienaars) BEPERK

Foon 20. Birdstraat, Stellenbosch. Posbus 21.